# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 5

**Benodighede**: Groot kerse, vuurhoutjies, klein kersies, penne en klein papiertjies

**Doel van les:** Om te bid dat ons ligdraers in die wêreld sal wees en dankie te sê vir die week.

**Praise and Worship**

**Les (3 min):**

- Lees Mattheus 5:14-16: Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op die berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.

**Tyd vir stil gebed (5 min)**: Deel blaaitjies met penne uit. Ons gaan nou Mattheus 5: 14-16 bid. Dat ons ligdraers vir Jesus sal wees en nie ons liggies sal wegsteek nie. Luister na die Heilige Gees se stem en as Hy vir jou 'n opdrag gee oor hoe jy in hierdie week jou lig kan laat skyn, skryf dit neer op die blaaitjie. Dit kan wees om bv vriendeliker by die huis te wees, iemand te help met huiswerk of kos te gee vir iemand wat nie het nie. Ons gaan dit netnou tydens die "kers seremonie" deel met mekaar. Sê ook dankie vir die Here vir die week van gebed.

**Afsluiting (7 min): Staan in 'n sirkel of rye afhangend van hoeveel kinders daar is**. Ons mag dalk meer as een groot kers gebruik sodat die proses vinniger gaan. Neem die groot kerse en steek dit aan die brand. Gee nou die kers aan en soos wat jy dit aangee vertel vir die ander wat jy op jou blaaitjie geskryf het as onderneming om jou lig te laat skyn. Nadat die laaste kind hulle onderneming gelees het, deel die klein kersies uit as 'n "reminder" om jou taak vir die week te voltooi en om altyd jou lig vir God te laat skyn.